KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

**NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP MAANDAG 03 OKTOBER 2016 OM 10:15 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh A De Vries | [DA] | - | Speaker |
| Rdh EB Manuel | [DA] | - | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd Me SM Crafford | [DA] | - | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh RM Van Rooy | [DA] | | |
| Rdl MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl J Daniëls | [DA] | | |
| Rdl A Small | [DA] | | |
| Rdl AJ Du Plooy | [DA] | sluit aan om 10:25 | |
| Rdh JJ Swart | [ANC] | | |
| Rdd SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl SS Lesch | [ANC] | | |
| Rdl SR Claassen | [ANC] | sluit aan om 10:21 | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr H Kröhn | - | Munisipale Bestuurder (Waarnemend) |
| Mnr M. Crous | - | Direkteur Finansiële Dienste (Waarnemend) |
| Mnr D. Josephus | - | Direkteur Korporatiewe Dienste (Waarnemend) |
| Me J Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Me A Van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me RR Fillis | - | Klerk: Komitee Dienste |

***Die Speaker dui aan dat die vergadering vertraag word, omdat Raadslede Claassen en Du Plooy laat sal wees.***

AKSIE

**RVN001/10/2016**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Daniels open die vergadering met gebed, waarna die Speaker almal verwelkom.

***

**RVN002/10/2016**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Mnr JA Niekerk – ander munisipale verpligtinge
Mnr JWA Kotzee – verlof
Adv H. Linde - verlof

***

**RVN003/10/2016**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange, met betrekking tot items in die agenda, het nie.

***

**RVN004/10/2016**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder meld dat :

- Adv Linde met verlof is en dat hy as Munisipale Bestuurder waarneem terwyl Mnr van Niekerk uitstedig is;
- Dat Mnr Crous waarneem as Direkteur Finansiele Dienste; en
- Dat Mnr Josephus waarneem as Direkteur Korporatiewe Dienste.

Die Uitvoerende Burgemeester kondig aan dat die wyksraadslede teenwoordig moet wees by sy vergadering om 11:00 vandag met die inwoners van Porterville.

***

**RVN005/10/2016**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN006/10/2016**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN007/10/2016**
**DRINGENDE SAKE/VERSLAE VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN008/10/2016**
**<u>HERNUWING VAN DIE DIENSKONTRAK VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**9/1/2 P: H LINDE**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en meld dat die item met betrekking tot die hernuwing van die dienskontrak van die Munisipale Bestuurder verwys is na vandag se Raadsvergadering.

Die Uitvoerende Burgemeester lees etlike paragrawe uit die hernuwings kontrak van die Munisipale Bestuurder aan die Raad voor, asook die gewysigde aanbeveling, met dien verstande dat punt 5 van die aanbeveling in die verslag geskrap en vervang word met:

"Dat kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder vanaf 16 Augustus 2017 onderhewig sal wees aan die vasstelllings van die "upper limits" soos deur COGTA voorgeskryf".

Verdere kommentaar en insette word deur verskeie raadslede gemaak met spesifieke verwysing na Raadslid Claassen se versoek dat die wyse van kommunikasie met die vakbonde (IMATU en SAMWU) op 'n gestruktueerde platform, naamlik die Arbeidsforum, plaasvind vir kennisname.

Raadsheer Josephus versoek dat hy aangeteken word dat hy nie saamstem met hierdie werkswyse, soos voorgestel deur Raadslid Claassen, nie.

Die Uitvoerende Burgemeester lig die Raad in dat hy slegs die vakbonde op die Arbeidsforumvergadering sal inlig van die hernuwing van die dienskontrak van die Munisipale Bestuurder.

Ten slotte meld die Uitvoerende Burgemeester dat hy die volle Raad sal inlig aangaande die inhoudelike van die finale dienskontrak van die Munisipale Bestuurder, alvorens hy dit afteken.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder versoek dat die Raad kennis neem van P9 van die vorige notule (Raadsvergadering gehou op Dinsdag 27 September 2016) naamlik:

"*Die Direkteur Finansiële Dienste hou 'n elektroniese regsopinie voor rakende die besprekingspunt.*

*('n Woordelikse notule van die debatvoering is beskikbaar op CD).* "

Verder versoek die waarnemende Munisipale Bestuurder dat die Raad seker sal maak dat hulle alle relevante wetgewing raadpleeg alvorens enige standpunte/ besluite geneem word.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die amptenare moet kennis neem dat die Raad hul werkgewer is en dat hulle nie ander amptenare teen hulle moet opsweep nie en dat die Raad bevoeg is om besluite te neem en daarby te volstaan.

Die Speaker versoek dat die administrasie vertroue in die Raad sal hê, asook aangesien die Raad volle verantwoordelikheid aanvaar vir hul besluit(e) en die gevolge daarvan.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad geneem.**

**BESLUIT**

1. Dat die dienskontrak van die Munisipale Bestuurder hernu word vir ‘n verdere vaste termyn periode van tot maksimum vyf (5) jaar (maar nie langer nie as een jaar na die verkiesing van die volgende raad van die Munisipaliteit nie);
2. Dat die termyn ‘n aanvang neem op 16 Augustus 2017 (huidige dienskontrak van die MB eindig 15 Augustus 2017) en strek tot en met een (1) jaar na die verkiesing van die volgende raad van die munisipaliteit ingevolge van art 57(6)(a) van die Stelselswet;
3. Dat die Uitvoerende Burgemeester gemagtig word om ‘n dienskontrak met die Munisipale Bestuurder te finaliseer onderhewig aan die bepalings en voorwaardes vervat in wetgewing (en bygestaan deur die Direkteur Korporatiewe Dienste en Direkteur Finansiële Dienste);
4. Dat ‘n hernuwingsklousule ingesluit word in die dienskontrak;
5. Dat kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder vanaf 16 Augustus 2017 onderhewig sal wees aan die vastellllings van die “upper limits”, soos deur COGTA voorgeskryf; en
6. Dat die MEC vir Plaaslike Regering in die Wes-Kaap in kennis gestel word van hierdie besluit.

***UITVOERENDE BURGEMEESTER en DIREKTEUR FINANSISIELE DIENSTE en DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN009/10/2016**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME 2016**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN010/10/2016**
**AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**RVN011/10/2016**
**BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:40*

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER (SPEAKER)*** | ***DATUM*** |

***